

29 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30
Fokusgedeelte: DL, VD 1:2

Daar is net een uitverkiesing en dit is tot geloof en tot redding!

Kan 'n mens uitverkies wees om te glo, maar nie om gered te word nie? Ja, 'n mens kan, sê die dwaalleraars. Nee, 'n mens kan nie, sê ons belydenis op grond van die Woord. Die Sinode van Dordrecht het die dwaalleer verwerp wat sê dat die uitverkiesing van God tot die ewige lewe veelsoortig is. Volgens dié dwaalleer is daar verskillende soorte of maniere van uitverkiesing. Volgens die dwaalleer is die een soort baie vaag en nie-spesifiek en kan dit verander word. Die ander soort uitverkiesing, volgens hulle, is weer spesifiek en onherroeplik. Verder beweer hulle dat daar een uitverkiesing tot geloof is en 'n ander tot saligheid. Dit beteken natuurlik dat sekere mense wel uitgekies is om te glo, maar nie uitgekies is om gered te word nie!

So 'n leer is heeltemal onbybels. As 'n mens werklik glo is jy tog ook uitverkies tot die ewige lewe! Die Woord sê tog baie duidelik (Rom 8:30): “Die wat Hy vantevore verordineer het, die het Hy geroep; en die wat Hy geroep het, die het Hy ook geregverdig en die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik.” Ons belydenis noem hierdie die “goue ketting van ons saligheid”. Hiervolgens is dit duidelik dat daar net een uitverkiesing is en dat hierdie uitverkiesing tot geloof én tot saligheid is, met ander woorde dat 'n mens wat uitgekies is om te glo óók uitgekies is om gered te word en die ewige lewe te ontvang! Dit gee aan my die troos dat as ek in Jesus Christus glo, ek beslis deel het aan die ewige lewe! Ek hoef nie daaraan te twyfel nie, want dat ek glo, sê dat God 'n proses in my en met my begin het wat eindig in die ewige lewe!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~